# PRO VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA — CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA.

Jaargang 1, Nr. 1. — Intekengeld R2 Subscription — May 15 Mei 1962. — Volume 1; No. 1.


**IN HIERDIE NOMMER:**


- Die kerk in 'n veelrassige gemeenskap, bladsy 2.
- Wat ons wil — bladsy 3.
- Eenheid en pluriformiteit van die kerk van Christus — bladsy 4.
- Love, Service and Unity—page 5.
- Die kerk in die wêreld — bladsy 7.


# «Apartheid» van die gelowiges

## *volgens ons Belydenisskrifte*

**HIERDIE artikel gaan van die standpunt uit dat die Heilige Skrif slegs een vorm van „apartheid" ken: dié van die gelowiges teenoor die ongelowiges. Aangesien ons glo dat ons Belydenisskrifte, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls in alles met die Woord van God ooreenstem, moet daaruit volg dat bogenoemde standpunt ook in ons Belydenisskrifte gehuldig word. Ons wil trag om hierdie gedagte en enkele ander wat daarmee saamhang, aan die hand van grepe uit die drie Formuliere van Enigheid aan te toon.**

**1. Die totale verdorwenheid van die menslike geslag na die sondeval.**

Die menslike geslag wat deur God uit een bloed gemaak is (vgl. Hand. 17:26), het deur en in Adam teen sy majesteit oortree toe die eerste mens sy wil teenoor die wil van God gestel het. Art. 15 van die N.G.B. omskryf hierdie feit soos volg: „Ons glo dat deur die ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die ganse menslike geslag." Die H.K. stel dit dan in vr. en antw. 7 ook duidelik dat die verdorwe aard van die mens voortvloei „uit die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word." Met 'n beroep op Rom. 3:19 en 23 waar ons lees „Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Hulle het almal gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God", sê die D.L.I., 1 dat alle mense in Adam gesondig en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het.

Die mensdom wat 'n eenheid vorm omdat dit deur God uit een bloed gemaak is, is ook in hierdie opsig een dat dit as gevolg van die oortreding van die eerste mensepaar sondig teenoor Hom staan en die ewige dood verdien. Die solidariteit van die menslike geslag bly bestaan vir sover dit die totale verdorwenheid as gevolg van die sondeval betref. „Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie" (Ps. 14:3).

**2. Die „apartheid" wat God deur Christus daarstel.**

God, wat deur die N.G.B. in sy eerste artikel o.a. as „goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" omskryf word, het geen gemeenskap met die kwaad of die sonde nie. En wanneer dit skyn of die Satan in die paradys oor die eerste mensepaar die oorwinning behaal het, laat Hy die moederbelofte weerklink wat in Gen. 3:15 opgeteken staan. Hier word die antitese tussen die vrouesaad en die slangesaad reeds aangekondig, nie maar 'n antitese tussen wysgerige begrippe van goed en kwaad en van lig en duisternis nie, maar 'n antitese wat in twee persone saamgetrek is: Jesus Christus, sy eniggebore Seun en die Satan, die hoof van die gevalle engele. Hulle twee staan onversoenlik teenoor mekaar en in die stryd wat sal volg is geen kompromis moontlik nie. Die oorwinning van die een sal die ondergang van die ander beteken.

Ter voorbereiding van hierdie magtige worsteling kies God vir hom 'n volk uit die volke uit nl. Israel wat, sover dit die vlees betref, die Verlosser sal voortbring. Vir hierdie doel moet Israel „apartheid" teenoor die omringende volke handhaaf, nie op grond van ras of kleur nie, maar omdat dit hom as draer van sy beloftes afgesonderd moet hou van die volke wat die enigware God nie ken of dien nie. Dit is dan ook duidelik uit die Ou Testament dat die apartheid van Israel niks anders as 'n geloofs-apartheid is nie. Die HERE het 'n welgevalle in Israel gehad en Hy het hulle uitverkies, nie omdat hulle op sigself beter was as ander volke nie, maar om sy verbondstrou te bevestig wat Hy aan die aartsvaders toegesê het (vgl. Deut. 7:6-9).

„Die voormelde uitverkiesing is nie velerlei nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament", aldus die D.L.I.,8. God trek sy Raadsplan deur, hoewel Israel met die koms van Jesus Christus sy besondere taak volbring het. In en deur Hom is die heil nie meer bestem vir een besondere volk nie, maar vir alle volke. Die teëstelling tussen gelowiges en ongelowiges bly dus bestaan.

**3. Die Kerk.**


„Die kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe . . . ." (N.G.B., art. 27). Jesus Christus as die ewige Koning het sy onderdane sedert die gebeure in die paradys. Hierdie onderdane word deur Hom byeengebring in „'n heilige vergadering" wat ons die kerk noem. Van Adam tot Abraham dra die kerk 'n universele karakter; vanaf Abraham is dit tot die nasionale grense van Israel as volk beperk. In die Nieu-Testamentiese bedeling is die kerk egter weer universeel van aard. Nou is die muur wat Israel van die volke geskei het, afgebreek (vgl. Ef. 2:14). Deur Jesus Christus word daar 'n nuwe volk in die eenheid van die ware geloof byeengebring. Dit is die nuwe volk uit die volke, die gelowiges uit elke stam en taal en nasie.

Hier kom die geloofs-apartheid sterk na vore. Dit blyk ook uit die woorde „kerk" en „gemeente". „Kerk" is afgelei van die Griekse woord „kuriakè" wat beteken: die eiendom van Kurios, die Here. En „gemeente", „ekklèsia" beteken: vergadering van uit-, van saamgeroepenes. God roep die gelowiges saam om in Christus een te wees. Hoewel die kerk „verspreid is en verstrooid oor die hele wêreld, is dit nogtans saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof" (N.G.B., art. 27). Jesus Christus is die Hoof van sy kerk wat sy liggaam is. Soos die eenheid van 'n liggaam aan die afsonderlike lede voorafgaan, so staan die eenheid van hierdie saamgeroepe gelowiges voorop, ondanks alle verskille wat daar tussen hulle mag bestaan.

Die kerk van Jesus Christus op aarde het 'n sigbare en 'n onsigbare kant. Die onsigbare kant sien ons slegs deur die geloof in Christus. Vir sover die kerk sigbaar is, kan ons vasstel wie deur belydenis en/of doop lede daarvan is. Ons weet dat daar in die kerk huigelaars is wat in die kerk onder die goeies vermeng is, en tog nie tot die kerk behoort nie, hoewel hulle na die liggaam daarin is( vgl. G.B., art. 29). God is egter die Kenner van die harte wat weet wie waarlik deur die geloof in Jesus Christus aan Hom behoort.

In hierdie verband dreig daar 'n gevaar aan twee kante. Al-

(Vervolg op bladsy 2)




# *Die gesprek* —

## DRINGENDE NOODSAAK

**DIE BIDDENDE JESUS**

**IN die onvergeetlike hoëpriesterlike gebed, Joh. 17, het die Heiland die volgende woorde gebruik: „Maar Ek bid nie vir hulle (sy dissipels) alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" verse 20—21.**

Dit het Jesus gebid, op 'n allergewigtigste oomblik met die huiweringwekkende skaduwees van die kruis swaar op sy lydenspad. Dié bede is uit sy sielsdieptes gepers. Hy het ongetwyfeld die donker bedreigings van verdeeldheid, van verskeurdheid, misverstand, agterdog, wantroue, hoogmoed, jaloesie, selfsug, selfs vrees vir mekaar soos swart verskrikkings sien aankruip. Wat dit nog hagliker maak: verdeeldheid by die dissipels is 'n hindernis vir ander om tot die geloof in Christus te kom. Doel tog „van die onderlinge eenheid van die gelowiges en van hulle eenheid met Jesus en die Vader is die bekering van die baie uit die kosmos, . . . " (Grosheide t.p.)

**Sinodebesluit:**

Oor hierdie verdeeldheid moet ons treur. **Tereg het die Sinode van die Gereformeerde Kerk in dié verband** as volg besluit, ten aansien van die sg. pluraliteit van die kerke. Dit is „nie 'n verskeidenheid nie maar 'n sondige geskeidenheid wat nie mag wees nie. Die verskillende kerke moet nie gesien word as aanvullende dele van een geheel nie maar as stukke van 'n geskeurde geheel (Vgl. Calv. Inst. IV, 1,2). Nie dat die liggaam van Christus geskeur is nie: Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is 'n werklikheid maar die eenheid van die uitwendige kerke is 'n Goddelike eis en opdrag. Hieruit vloei die roeping van die kerk voort om dit wat uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring tot een kerkverband." (Acta, Sinode pp. 79—80). Tot so ver die besluit.

**Die ontmoeting.**

Broederlik met mekaar dié dinge wat uitmekaar hou onder oë te sien! Hoe kan dit anders bewerkstellig word dan deur die ontmoeting, die konsultasie, die wisseling van gedagtes ook in 'n blad soos „Pro Veritate"! Ons moet weer na die bevel van Christus gaan luister in Matt. 18: „En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, het jy jou broeder gewin . . . ." vers 15. Daar moet dus 'n ontmoeting wees. As die broer gesondig het, ook deur van die waarheid af te wyk, dan is dit roeping om met hom daaroor te praat, veral as dit lei tot onverantwoorde spanning en vrees. Dit geld natuurlik ook van gemeenskappe van gelowiges onderling. Onderlinge vermaning is plig, Hebr. 3 vers 13; 10 vers 25; Kol. 3 vers 16 ens.

(Vervolg op bladsy 7)

## „Apartheid" van die gelowiges

(Vervolg van bladsy 1)


lereers dat ons die sigbare kerk tot so'n mate beklemtoon (soos Rome doen) dat die onsigbare kerk feitlik uit ons gesigsveld verdwyn. Aan die ander kant kan ons op die onsigbare kerk soveel nadruk lê dat ons die eenheid van die sigbare kerk uit die oog verloor. Dan neem ons genoeë met die verskeidenheid op aarde (ons mag selfs daaroor bly voel), maar ons verskuif die eenheid van die kerk gerieflikheidshalwe na die ewigheid. Die eenheid van die kerk moet egter op aarde ook gesoek en bevorder word. Art. 28 van die N.G.B. wys daarop dat almal verplig is om hulle by die ware kerk te voeg en daarmee te verenig en om die eenheid van die kerk te bewaar.

Prakties kom dit daarop neer dat wanneer gelowiges in dieselfde kerkverband 'n verskillende kultuuragtergrond het en 'n verskillende taal spreek, dit geen rede is om die een kerkverband op te splits in meerdere kerkverbande nie. Ons wil dit met 'n voorbeeld uit die kerkgeskiedenis toelig. Op die bekende sinode van Dordrecht (1618) is die volgende besluit geneem: „Alsoo inde Nederlanden tweederley sprake gesproken wort, is voor goet gehouden, dat de Kercken der Duytscher ende Walscher Tale, op haer selven kerckenraet, Classicale vergaderinghen ende Particulieren Synoden hebben sullen" (art. 51). Vir die Nederlands- en Waals- (Frans-) sprekende „groepe" was daar afsonderlike meerdere vergaderings. Op die Algemene Sinode was egter alle gemeentes indirek verteenwoordig. Hier is die eenheid van die kerk dus bewaar. „De synode erkende de splitsing tussen Nederlandse en Waalse kerken, **maar bepaalde dat de generale of nationale synode,** samengesteld uit afgevaardigden niet van de classes maar van de particuliere synoden, **gevormd zouden worden door die kerken gezamenlijk**" (D. Nauta, Chr. Encycl. II, Kampen, 1957, bls. 485). Joh. Jansen beskryf in sy Korte Verklaring van de Kerkenordening ook die saak van 'n kerkverband vir die Waalse kerke en sê dat die sinode van Middelburg (1581) besluit het dat hierdie kerke „wel eigen kerkeraden, classes en particuliere synoden, **maar geen eigen generale synoden mochten houden**" (Kampen, 1923, bls. 230 e.v. Ons kursiveer deurgaans). Tereg het hierdie sinodes die eenheid van die kerk voorop gestel. 'n Voorbeeld in ons tyd tref ons by die Evangeliese Christelike Kerk in Nieu-Guinea aan, waar die Nederlands - sprekende gemeentes binne die kerkverband 'n eie klassis vorm, maar wat met die Papoease gemeentes in een algemene sinode saamkom, waarvan 'n Papoease predikant die voorsitter is. Vir 'n stigting van afsonderlike kerkverbande vir gelowiges wat in taal, kultuur en andersins verskil, maar wat binne dieselfde landsgrense woon, gee die Belydenisskrifte op grond van die Woord van God ons geen opening nie. Mindere vergaderings kan om praktiese redes soos taal en kultuur gevorm word, maar binne bepaalde landsgrense (soms ook oor landsgrense heen) behoort die eenheid van die kerk volgens ons belydenis bewaar te bly. Op grond hiervan moet radikale „apartheid" tussen gelowiges binne die kerk veroordeel word.

**4. Die einde.**

Die enigste teëstelling wat die Belydenisskrifte op grond van die Bybel ons bied, nl. die van geloof teenoor ongeloof, sal bly bestaan solank hierdie bedeling voortduur. Namate die einde naderkom, sal hierdie teëstelling verskerp word. „Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word" (Openb. 22:11). Maar Jesus Christus, die Hoof van sy duurgekoopte kerk sal die uitverkorenes uit alle volke, stamme, geslagte en tale tot die einde toe getrou bewaar. Uiteindelik sal hulle sonder enige vlek of rimpel voor God en voor die Lam staan (Vgl. D.L.II,8). Dan sal die veelstemmige lied van die eiendomsvolk van Jesus Christus voor die troon van die Almagtige opklink. Seker, die nasies van die wat gered word, sal in die lig van die ewige stad wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin (Openb. 21:24), maar nie om as afsonderlike groepe daar te bly voortbestaan nie. Hierdie woorde dui aan van watter geweldige invloed die evangelie was, sodat baie uit die heidense volke tot die wonderbare lig van die goddelike genade gebring kon word. Daarby is baie aansienlikes en edeles uit verskillende nasies ingesluit wat met al hulle gawes en talente God vir ewig sal dien. Ook hier sal die veelvormigheid aan die eenheid ondergeskik wees. Want soos Jesus Christus, die hemelse Bruidegom een persoon is, so word ook die verloste mensheid as een persoon, 'n bruid voorgestel. Dit is die kerk in heerlikheid, verlos om aan die drieënige God die lof, eer en danksegging tot in ewigheid toe te bring." Hulle, (nl. die uitverkorenes), moet Hom as hulle Saligmaker wat, as 'n bruidegom vir sy bruid, sy lewe aan die kruis vir hulle gegee het, standvastig bemin, met volharding dien en hier en in alle ewigheid verheerlik" (D.L. II,9). —P. G. GEERTSEMA.

# *Die Kerk in 'n veelrassige Gemeenskap*



**VAN die begin af het godsdienstig-sedelike motiewe 'n bepalende rol gespeel in die beleid wat gevolg is op politieke gebied in ons veelrassige land. Gedurigdeur, van die begin af, waar daar gepoog is om 'n modus vivendi te vind van die verskillende rasse, was die protestants-calvinisties geloof rigtinggewend met betrekking tot rasseverhoudinge. Een enkele feit dien op gelet te word om dit te bewys nl. dat hier aan die suidpunt van Afrika die barbaar en heiden deur die eerste nedersetters gespaar is in teenstelling met sommige ander lande waar duisende eenvoudig koelbloedig afgemaai is om plek te maak vir die blanke. Van die begin af was die kerk ten nouste betrokke by die ontwikkeling van rassebetrekkinge in ons land.**

Ons wil in die eerste plek let op die geskiedenis van die kerk m.b.t. die veelrassige gemeenskap hier te lande.

**Historiese Oorsig 1652—1860**

Jan van Riebeeck het in 1652 hier in aanraking gekom met verskillende groepe nie-blankes soos die Hottentotte, Boesmans en Bantoes wat veral op twee gebiede radikaal van die blankes verskil het. Dit is nl. op kulturele en godsdienstige gebied. Volgens dr. G. D. Scholtz was die wesenlike verskil wat daar vir die nedersetters bestaan het in die begin en tydens die loop van die 17de eeu tussen hulleself en die nieblankes nie soseer 'n rasseverskil nie, maar wel dat hulle, die blanke nedersetters Christene was, en die nie-blankes dit nie was nie.

**Kerklike situasie tot 1857 m.b.t. blank en nie-blank.**

Van die begin af het hulle aandag gegee aan sendingwerk onder die heidene, en veral aan die slawe is die evangelie verkondig. Ons vind die sendinggedagte in die gebed van Van Riebeeck en in die opdrag wat aan hom deur die H.O.I.K. gegee is. Nadat daar mettertyd groepies bekeerlinge uit die heidendom tot die christelike geloof tot stand gekom het, het daar 'n toestand op kerklike gebied ontstaan wat vir ons hier in drieërlei opsig van belang is om op te let nl.:

1. Al die lidmate, afgesien van kleur of stand, het in een kerkgebou bymekaar gekom tydens die eredienste e.a. geleentheid. In die meeste gevalle was daar aparte sitplekke vir die nie-blanke Christene maar skynbaar het niemand vrae gevra oor die goeie reg van sulke gemengde eredienste nie en het die probleem wat later ontstaan het nie dieselfde karakter gehad as wat ons vandag het m.b.t. gemengde eredienste nie. En selfs vandag is daar nog enkele moedergemeentes van die N.G. kerk in die K.P. waar plekke ingeruim word vir nie-blankes om die eredienste by te woon. **Selfs nadat in 1834 besluit is om die nie-blanke Christene in afsonderlike gemeentes te organiseer, was dit nog die besluit dat daar waar nie sulke afsonderlike gemeentes vir die Christene uit die heidendom bestaan nie, hulle tot die blanke gemeentes toegelaat moet word.**

2. Alle lidmate, afgesien van kleur of stand, het aan dieselfde nagmaalstafel aangesit. Die vraag was nie na die afkoms van die mens nie, maar of hy lid van die christelike kerk was. 'n Besluit van die kerkraad van die gemeente van Kaapstad het in daardie tyd gelui dat die leer van die Bybel en die gees van die christendom ons verplig om sulke mense (d.w.s. nie-blankes) toe te laat om nagmaal te gebruik saam met die wat gebore is uit 'n christelike huis. In sommige gemeentes het blank en nieblanke Christene gesamentlik aan die nagmaalstafel gesit, terwyl in ander weer die nieblankes na die blankes bedien is. Die sinode van 1829 het besluit dat die nagmaal gesamentlik gehou moet word, ongeag kleur of ras. Nadat later afsonderlike dienste gehou is vir die nie-blankes, kon hulle oorspronklik eers kies waar hulle die nagmaal wil gebruik, maar later is besluit dat hulle net in hulle eie kerkgeboue die sakramente kon geniet, dus afsonderlik van die blankes.

3. Lidmaatskap van 'n gemeente was nie beperk tot blankes of nie-blankes alleen nie. Die name van blank en nieblank is in dieselfde register geskryf. Die latere gebruik in ons kerk dat elke rassegroep beperk is tot lidmaatskap in sy eie kerk is die gevolg van:

(a) Die totstandkoming van 'n eie inheemse kerk vir die nie-blankes;

(b) Kulturele, sosiale e.a. verskille van die verskillende etniese groepe;

(c) Die opleiding van spesiaal afgerigte sendelinge met die oog op sendingwerk onder die heidene.

(d) Die groot politieke en sosiale reperkusies in die eerste helfte van die 19de eeu in ons land wat ook aanleiding gegee het tot die Groot Trek.

**Wat die kerklike lewe dus betref vind ons dat die blanke bereid was om die nie-blanke 'n plek naas hom te gee in dieselfde kerkgebou en aan dieselfde nagmaalstafel want die norm wat nie ras of stand nie, maar die geloof in Christus.**

Maar sonder om hier op verdere historiese besonderhede in te gaan, blyk dit baie duidelik dat die blanke van die 18de en 19de eeu nie bereid was om buite die kerk die nie-blanke as sy gelyke te behandel of te aanvaar nie. Dit blyk duidelik uit uitsprake soos die van die Kommissaris-generaal, H. S. van Rheede tot Drakenstein in 1678 nl. dat dit 'n skande vir die Nederlanders e.a. christelike nasies is om te intiem met die nie-blankes om te gaan. **Ons meen dat ons hier by die kern van die vraagstuk gekom het sover dit die kerk betref en dat dit die gewetensvraag is wat aan die kerk gestel word: Hoekom kan die nieblanke binne die kerk op gelyke voet ontmoet word, — maar buite die kerk gebeur dit nie. Waar daar buite die kerk groot rang- en standsverskille bestaan tussen die verskillende groepe kan natuurlik 'n geregverdigde antwoord gegee word, maar waar hierdie verskille weggeval het, is dit nie meer so maklik om te antwoord nie.**

Die feitlike posisie in die kerk tot in die tweede helfte van die 19de eeu was dus dat blank en nie-blank saam vergader het in die kerk. Dit wil egter nie sê dat alle lidmate van die kerk genoeë geneem het met die toestand nl. die gemengde eredienste nie. Net soos daar in die publieke lewe aangedring is op sosiale skeiding, so was daar ook baie in die kerk wat gevra het om skeiding tussen blank en nie-blank. In 1845 het sommige lidmate van die gemeente Swellendam versoek dat die nie-blankes afsonderlik die heilige nagmaal moet geniet en ook in afsonderlike geboue dit moes doen anders, so is gedreig, sou hulle hul van die kerk onttrek en oorgaan na 'n ander predikant wat ook dieselfde mening toegedaan is. Soos te verstaan was daar veel ander kerkleiers wat hierdie skeiding teëgestaan het soos o.a. ds. H. D. M. Huet wat in 1860 sy boekie: **Een Kudde en Een Herder** geskryf het i.v.m. die vraagstuk.

**Nuwe Kerkpatroon deur Besluit 1857**

Die sinode van 1857 het toe oor die saak 'n besluit geneem wat verreikende gevolge gehad het en wat die begin van die kerklike patroon was soos ons dit vandag ook nog het. Die besluit het as volg gelui: **Die sinode beskou dit as wenslik en skriftuurlik dat ons lidmate uit die heidendom ontvang en opgeneem word in die bestaande gemeentes waar moontlik. Maar waar hierdie maatreël a.g.v. die swakheid van sommige, die bevordering van die saak van Christus onder die heidene mag belemmer dat daardie gemeentes uit die heidendom hulle Christelike voorregte moet geniet in 'n afsonderlike gebou of instituut.** Hierdie besluit was rigtinggewend vir die toekoms en mettertyd het dit uitgeloop op totale skeiding wat betref die kerkgang.

Hier is dit belangrik dat ons sal let op drie sake om nie hierdie besluit van die sinode verkeerd te verstaan nie nl.

1. Toe hierdie besluit geneem is, was daar nooit enige gedagte aan onderdrukking of om minderwaardige diens aan die nie-blankes te lewer nie. **Juis** die teendeel was die doel van hierdie besluit. Bewys daarvan het die kerk ook gelewer deur die feit dat die kerk daartoe oorgegaan het om spesiaal manne af te rig om so die nieblanke beter te leer ken en aan hom dus beter dienste te kan lewer ooreenkomstig sy behoeftes.

2. Dit was nooit die bedoeling van hierdie besluit om die nie-

(Vervolg op bladsy 6)

PRO VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA.
CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA.
Mei 15 May 1962.

# WAT ONS WIL

Vir 'n geruime tyd reeds voel 'n aantal leraars en lidmate, hoofsaaklik van die drie Afrikaanse kerke, die behoefte aan 'n Christelike maandblad wat hom ten doel stel om aktuele vraagstukke van kerk en samelewing vanuit die lig van die Skrif te benader en te bespreek. Veral is gevoel dat Christene, hoe uiteenlopend hulle opvattinge oor sake van die dag ookal mag wees, geleer en gehelp moet word om, in gehoorsaamheid aan die eis van God in sy Woord, bo al te vra: Watter antwoord gee die Bybel as die geopenbaarde Woord van God ons oor die probleme van ons tyd?

Pro Veritate word as beskeie poging aangebied om in dié behoefte te voorsien. Dit gee nie voor om die volle antwoord te besit of te bied nie, maar dit wil eerlik en onbevrees die waarheid soek en bekendstel. Daarom die naam: PRO VERITATE („vir die waarheid") wat die opregte strewe na die ewige waarheid vertolk — dié waarheid wat alleen in Christus en sy Woord opgesluit lê en gevind kan word.

Die blad is nie eerstens 'n teologiese in die akademiese sin van die woord nie, maar wel 'n algemeen-Christelike wat op bogenoemde grondslag, en in die taal wat ook die gewone lidmaat kan verstaan, alle vraagstukke wat die Kerk van Christus en die Koninkryk van God raak, wil bespreek. Enige bydrae wat hierdie doel nastreef en wil bevorder sal verwelkom word.

Vanselfsprekend bring dit mee dat ook die vraagstuk van rasse- en kleurverhoudinge toegelig en bespreek sal word omdat dit een van die brandendste probleme van die dag is wat die kerk en die koninkryk in 'n besondere sin raak. In die oortuiging dat ook oor hierdie vraagstuk daar lig en helderheid in die Skrif te vind is sal die redaksie ook artikels oor die saak opneem. Dis begryplik — en dit moet van die begin so aanvaar word — dat daar soms groot meningsverskil oor brandende vraagstukke sal wees. Die blad sal met graagte die geleentheid bied om uiteenlopende standpunte te stel met die duidelike verstandhouding dat alle deelnemers in die gesprek as hoofdoel sal nastreef die aanbieding van die lig wat die Skrif hulle in die onderhawige saak gee, en dat die gesprek of debat op 'n waardige wyse en verhewe vlak gevoer sal word.

### DEUR GESPREK TOT GEMEENSKAP

Die blad wil verder voorsien in die dringende behoefte wat daar by talle Christene van ons Afrikaanse en ander Protestantse kerke bestaan om deur die skepping van gespreksgeleenhede op Christelike vlak, 'n dieper eenheid van geloofsgemeenskap en gesamentlike getuienis tussen die verskillende kerke te bewerkstellig. Met die erkenning van die bestaande onderskeidinge van kerk, kultuur, klas en kleur en die eerbiediging van sodanige onderskeidinge vir sover hulle volgens die wil van God is, wil die blad soek om alle sondige geskeidenheid te belig en te help verwyder.

**Vir enigiemand wat in erns kennis neem van die anti-christelike magte wat die kerk van Jesus Christus bedreig moet dit duidelik wees dat geen kerkgenootskap wat net op sy eie wil staan, 'n effektiewe en suksesvolle aanslag op hierdie magte kan doen nie. Die tyd is verby dat kerke as afsonderlike organisasies in hulle isolasie wêreldwye bewegings soos die kommunisme, Mohammedanisme, sekularisme die hoof kan bied. Die kerke wat mekaar op hierdie en ander gebiede waar dit gaan om die noodsaaklikheid van 'n verenigde getuienis, nie kan of wil vind nie, verswak daardeur hulle getuienis en versterk so onbewus die magte van die bose. Pro Veritate wil graag meewerk om die oë van Christene van ons verskillende Protestantse kerke te open vir hierdie bedreiginge en die drang tot nouer skakeling en gesamentlike eenheidsoptrede te voed en versterk.**

### KEUSE VAN REDAKSIE VERTOLK DIÉ STREWE

Deur die samestelling van die redaksie uit Evangeliedienaars van verskillende Protestantse kerke word uitdrukking gegee om hierdie suiwer Bybelse eenheid te bevorder. 'n Kleurlingleraar en 'n Bantoeleraar is tot die redaksie toegevoeg as bewys van die opregte begeerte en die dringende noodsaaklikheid dat in die gesprek op Christelike vlak oor vraagstukke van ons dag die stem van nie-blanke Christene ook gehoor moet word. Om hierdie gesprek moontlik te maak en te laat vlot, word aan elke skrywer die geleentheid gebied om sy gedagtes uit te druk in die medium van enige van ons land se twee amptelike tale wat vir hom die gerieflikste is. (Vervolg volgende kolom)

# Die oop Wêreld

*En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo tot onder.*—Markus 15:38.

Die skeur van die voorhangsel simboliseer vir ons gewoonlik die oopgaan van die hemel vir sondaars. Dat ons, vir wie die hemel vanweë die sonde gesluit was, nou deur die bloed van Jesus Christus vrye toegang tot die genadetroon van God het, is inderdaad 'n heerlike waarheid. Dit is egter 'n waarheid met 'n keersy, en dit is dat God deur die kruis toegang tot die wêreld gekry het. Toe Jesus op Golgota gesterf het, het die wêreld oopgegaan vir God. Hierdie waarheid is netso belangrik soos die ander, en soms, wanneer die kerk die evangelie uitsluitlik interpreteer as 'n wegwyser uit die wêreld nà die hemel, is dit nodig om die waarheid van die goddelike ingang in die wêreld meer as gewoonlik te beklemtoon.

**Die voorhangsel verteenwoordig die poging van die mens om God uit die wêreld te weer. Dit is by uitnemendheid 'n godsdienstige werk. Die godsdienstige mens ag die heiligheid van God so hoog, dat hy hom geroepe voel om God teen besoedeling deur aanraking met die sondige wêreld te beskerm. Daarom rig hy vir God 'n afsonderingsaal, 'n gereserveerde ruimte, in. Sy godsdiens bestaan daarin dat hy God en die wêreld sorgvuldig uitmekaar hou. Uit 'n menslike oogpunt is dit die beste wat die mens vir God kan doen.**

Maar toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy hierdie welmenende godsdienstigheid tot niet verklaar. Die voorhangsel het geskeur. God het uitgetree uit die afsondering waarin die godsdienstige mens Hom wou opsluit. Die skeiding tussen 'n profane en 'n sakrale werklikheid is ongedaan gemaak. Deur die dood van sy Seun het God te kenne gegee dat die wêreld in sy geheel aan Hom behoort. Geen duimbreed sou Hy aan die gesag van 'n ander prysgee nie, en Hy sou Hom verset teen enige poging om Hom selfs uit 'n deel van sy wêreld te weer.

Wanneer die kerk, uit vrome besorgdheid oor die heiligheid van God, die voorhangsel weer toenaai deur God tot 'n bepaalde omskrewe gebied van die lewe te beperk, dan maak dit die werk van die kruis ongedaan. Dan moet daar weer geskeur word, sodat God kan uitkom. God laat Hom nie inhok nie. Hy wil die wêreld, die hele wêreld, binnegaan, en dit tot sy eiendom maak.

**As dit waar is dat die wêreld vir God deur die kruis oopgemaak is, dan is dit ewe waar dat die wêreld vir ons, wat deur die kruis kinders van God geword het, 'n oop wêreld is. Dit is die wil van ons Vader in die hemele dat ons Hom deur die kruis heen die wêreld in sal volg. Ons is ontrou aan die evangelie, as ons sonder protes toelaat dat enigiets ons van enige deel van die wêreld, of van enige groep mense daarin, skei.** Die opsetlike en gedwonge uitmekaarhou van mense, die weiering om aan een groep toegang tot die ander te verleen, mag met baie, veral godsdienstige, argumente verdedig word, maar dit is klaarblyklik in stryd met die evangelie van die kruis. Deur die geskeurde voorhangsel word 'n geslote wêreld tot 'n hel verklaar. 'n Wêreld waarin mense nie in die naam van Christus mag ingaan nie, is 'n wêreld waarin God ook nie welkom is nie. Waarom laat ons Christene so goedsmoeds toe dat skeidsmure tussen ons en ons medemense opgerig word? Waarom berus ons so geredelik in die aftakeling van die gemeenskap wat Christus teen so 'n ontsaglike prys vir ons gekoop het? Die kruis roep ons om die blye boodskap dat die wêreld vir God en vir ons oopgegaan het, te verkondig en uit te leef.

J.O.

(Vervolg vorige kolom)

### VERHOUDING TOT AMPTELIKE ORGANE.

Die blad kan en mag geen amptelike kerkblad wees nie. Sy doelstellinge vereis egter die goeie samewerking met alle amptelike kerkorgane. Hierdie samewerking word by voorbaat aangebied in die vertroue dat Pro Veritate 'n noodsaaklike aanvulling sal wees by wat die afsonderlike kerkblaaie reeds in eie kring bied. Juis omdat die blad nie die amptelike sienswyse van 'n bepaalde kerk vertolk nie, kan dit 'n waardevolle bydrae lewer aan al die kerke en hulle lidmate om deur vrye meningswisseling oor die grens van kerk heen 'n vrugbare en verrykende bydrae te lewer. Huishoudelike aangeleenthede wat nie beginselvrae raak nie en wat alleen tuishoort by 'n bepaalde kerk sal nie in die blad behandel word nie.

### TWEE DUIDELIKE VOORWAARDES

Ten einde enige misverstand te vermy is dit nodig om hier duidelik te verklaar dat die blad gestig word met die volgende veronderstellinge: Eerstens: dat die redaksie volle verantwoordelikheid aanvaar vir wat in sy redaksionele kolomme verskyn en dat hy verder 'n ekumeniese gesprek toelaat en wil bevorder sonder om hom noodwendig te vereenselwig met enige mening wat in artikels uitgespreek word; en tweedens: dat die blad sal soek om sy taak en doelstelling na te streef solank dit nodig mag blyk en aan so 'n behoefte nog nie op groter skaal voldoen word nie.

### INSTANDHOUDING EN UITBOUING

Die blad is 'n geloofonderneming sonder enige vaste inkomste waarvan die aanvang moontlik gemaak word deur bydraes en beloftes van goedgesinde lidmate uit die drie Afrikaanse kerke. Aangesien 'n blad met so 'n beperkte sirkulasie geen hoop het om homself deur advertensies instand te hou en uit te bou nie, is ons aangewese op die vrywillige steun van goedwillige persone wat saam met ons oortuig is dat daar 'n behoefte bestaan tot die daarstelling van so 'n orgaan.

Behalwe nuusberigte van algemene kerklike gebeure in ons land sal die blad ook berigte opneem van belangrike kerklike verwikkelinge buite die Republiek om ons lesers 'n wyer blik te gee in die worstelinge, die oorwinninge asook die neerlae van die kerk van Christus oor die hele wêreld. Spesifieke rubrieke sal van tyd tot tyd aangebied word na gelang van die behoefte wat daaromtrent ontstaan en enige wenke tot verbetering van die blad sal met dank ontvang word. Maar dis veral die voorbidding van Christene uit al ons kerke waarop ons wil staatmaak om die poging te bekroon met die seën van Omhoog. Ons stuur hierdie eerste uitgawe van die blad die wêreld in omdat ons steun op die belofte van Hom wat ons verseker het: „En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak". (Joh. 8:32).

### DIE VERHOUDING VAN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE

**Dr. W. D. Jonker van Johannesburg sal in die loop van die jaar 3 artikels lewer oor bogenoemde onderwerp waarin hy, na behandeling en ontleding van die belangrikste verskille, die vraag sal bespreek of dié verskille op Bybelse gronde die bestaan van sulke afsonderlike kerke regverdig en genoegsame gronde is om ons te verdeel.**

*Pro Veritate*

Verskyn op die 15de van elke maand.

**Korrespondensie en Administrasie:** Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan: Posbus 487, Johannesburg.

**Redaksie:** Dr. P. G. Geertsema, Prof. dr. J. C. G. Kotzé, Prof. dr. A. van Selms, dii. R. Orr, J. W. Wessels, E. E. Mahabane.

**Eindredakteur:** Ds. C. F. B. Naudé

**Intekengeld:** Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesiës en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar.

Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

# DIE EENHEID EN DIE PLURIFORMITEIT VAN DIE KERK VAN CHRISTUS

**DIE 19e eeu is op kerklike gebied gekenmerk deur die stryd vir die WAARHEID, die suiwere toepassing van die Woord van God op alle kerklike vraagstukke, die handhawing van ons suiwere belydenis, en die erkenning van JESUS CHRISTUS as die enige HOOF van die Kerk. Hierdie stryd het in Nederland gelei tot die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886, uit welke bewegings die Gereformeerde Kerk opgebou en met die sinodale hiërargie van die Hervormde Kerk gebreek is. In Suid-Afrika is die stryd gevoer in die Nederduitse Geref. Kerk teen die Kerkorde van De Mist, teen die liberalisme van dù Burgers en Kotzé en in Transvaal teen die Hervormde Kerk as staatskerk, en het in 1859 die herstigting plaasgevind van die Gereformeerde Kerk onder ds. D. Postma.**

**Die 20e eeu het egter geheel ander probleme.**

Twee bloedige oorloë het uitgebreek, wat sy invloed laat geld het op die Christelike kerke in Europa: baie lidmate het afgeval van die geloof, terwyl die magte van die ongeloof, kommunisme as werktuie van Satan steeds sterker word en pogings aanwend om die kerk te vernietig. Aan die ander kant het die kerk sterker ontwaak tot sy heilige roeping tot uitbreiding van die Ryk van God deur sending en evangelisasie. Die grootste belemmering, wat die Kerk van Christus hierby ondervind, is die groot verdeeldheid van die kerke en dit het hulle laat besef dat alleen deur samewerking van die verskillende kerke met dieselfde belydenis 'n blywende resultaat kan bereik word. Hoewel reeds in 1876 in Skotland die Presbiteriaanse Alliansie gestig is, het die ekumeniese strewe later by ons kragtiger geword, en hieruit het ontstaan die WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES. Drie jaar gelede is in Potchefstroom die Ekumeniese Sinode gehou, waar die drie Afrikaanse kerke, afgevaardigdes van die Geref. kerke in Nederland, Noord-Amerika en ook die Church of England teenwoordig was.

**Stigting Wêreldraad van Kerke.**

Maar 'n breër basis van samewerking is bereik, toe in 1948 in Amsterdam die Wêreldraad van Kerke gestig is, waarby alle christelike kerke kan aansluit, wat Jesus Christus as hul Saligmaker erken; in ooreenstemming met die leer van die Heilige Skrif, en wat bely dat hulle 'n gemeenskaplike roeping te vervul het om die ongeloof te bestry ter verheerliking van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die vorige jaar het die Wêreldraad 'n groot konferensie in NEW-DELHI, Indië, gehou, waar 197 afgevaardigdes van verskillende christelike kerke teenwoordig was.

„Dit was treffend," getuig 'n waarnemer ter konferensie, „om saam met 2,000 Christene van verskillende rasse en kerk, aan te sit, saam die Here Jesus as Saligmaker te bely, en saam aan te sit aan die Tafel van die Here om sy dood te verkondig, en veral om die vrymoedige getuienis aan te hoor van afgevaardigdes uit lande, wat nog in die duisternis van die heidendom verkeer en wat nie skaam is om onder smaad en verguising van die liefde van Jesus Christus te getuig vir verlore sondaars nie.

Die groot strewe van die Wêreldraad is om alle gelowige Christene saam te verenig in een algemene Protestantse Christelike kerk in teenstelling met die Rooms-Katolieke kerk, wat ook 'n eenheid is."

(Die Grieks-ortodokse kerk, die Poolse kerk en andere kerke het aansoek gedoen om as lede toegelaat te word.)

Dit is egter jammer dat by sy strewe na eenheid nie na die belydenis van die aangeslote kerk gevra word nie, so kan kerke met baie dwaallerings aansluit, so lank hulle die basis kan onderskryf. Ten koste van die waarheid word die eenheid op die voorgrond geset.

Op grond van Hand. 17:26, „dat God uit een bloed die nasies van die mensdom gemaak het," beskou die Wêreldraad, dat alle mense gelyk is voor God, en dat alle mense: blankes, kleurlinge, Bantoes as kinders van Adam gereinig moet word deur die bloed van Christus, en dat dus die Bantoes gelyk staan met hulle blanke medebroeders. Maar daarom moet die Bantoes gelyke regte op politieke en maatskaplike gebied kry, en is dit, volgens die Raad, die plig van elke blanke Christen om alle middele aan te gryp om tot volkome RASSEGELYKHEID vir die Bantoes te agiteer. Daartoe word die volgende middele aangeprys: Rekonsiliasie, wetgewing, regsgedinge, protesvergaderinge, ekonomiese sanksies, en positiewe aksie, maar sonder geweldpleging.

Die Wêreldraad is teen rassediskriminasie, teen apartheid en ook teen eiesoortige ontwikkeling. Aangesien die verskil tussen blank en swart slegs in die kleur van die vel geleë is, is hulle ten gunste van volledige integrasie, deurmekaar woon, saam skoolgaan, soos in Amerika volgens wetgewing gereël is. Samewerking van persone van verskillende rasse en talente sal die vooruitgang van Gods koninkryk bevorder, en is geheel volgens die evangelieleer.

Dit is opmerklik, dat hulle geen enkel Bybelteks kan aanwys nie, waar op hulle bewering gegrondves is. Ons stel daarteenoor die standpunt van die Afrikaanse gereformeerde kerke.

**Standpunt van Afrikaanse Kerke.**

Hoewel die mens by die skepping na Gods beeld tot 'n volmaakte eenheid geskape is, is die eenheid deur die sondeval verbreek. Dink maar aan die eerste broedermoord, die verhouding tussen die kinders van Set en van Kain, die seuns van God en van die mense, en dat die sondige vermenging tot die sondvloed gelei het!

By die toringbou van Babel is gepoog om 'n eenheid te vorm, teen die bevel van God, en het God tussenbeide getree en deur die spraakverwarring die dreigende eenvormigheid verbreek en die mense uitmekaar laat gaan in rasse, wat weer verder verdeel is in onderling, van mekaar verskillende volke en groepe.

Rasse en rasvorming is dus nie 'n toevallige ontwikkeling van die mensheid as gevolg van geografiese en klimaatstoestande nie, maar God het self deur direkte ingryping met 'n spesifieke doel die mensheid, wat hom as eenheid wou handhaaf teen God, verdeel in onderskeie groepe met eie tale, vermoë en eienskappe en die grense van hulle woonplekke bepaal. (Deut. 32:8, Hand. 17: 26 en 27).

**Eenheid en Verskeidenheid.**

Die Skrif betoon ewe sterk die eenheid as die verskeidenheid. Wie die eenheid ten koste van die verskeidenheid beklemtoon, kan nooit tot 'n suiwere opvatting van die rassevraagstuk kom nie.

Die betekenis van die verskillende rassegroepe en aparte entiteite kan nie te hoog aangeslaan word nie en integrasie lei noodsaaklik tot rassevermenging en bloedvermenging met sy bitter gevolge van wanaanpassing, toeneming van misdaad, dronkenskap en verswakking van die volk.

In die Ou Testament was by die Volk Israel rassevermenging nie geoorloof nie, en die Here het Abram van sy eie volk afgeskei om die vader te word van die Bondsvolk, waaruit eenmaal die Messias gebore sou word. Dié volk mog hom nie met die naburige heidenvolke vermeng nie maar moes toegewy wees aan die diens van Jehova.

Hierdie verskeidenheid van volke en stamme is nie deur die koms van Christus te niet gedoen nie. Wel word die opdrag aan die dissipels gegee om die Evangelie aan alle nasies te verkondig, maar dit is opmerklik, dat op Pinksterdag die apostels die menigte elk in sy eie taal toegespreek het, hoewel die meeste van hulle wel Grieks verstaan het, wat tog die wêreldtaal was.

**Waarom so baie kerke?**

Hoewel daar maar een Kerk van Christus is, die strydende Kerk op aarde en die triomferende Kerk in die hemel, hoekom is daar so baie christelike kerke op aarde? Hieroor sê ds. Praamsma:

1) Die evangelie is ingedra in verskillende volke met verskillende aard en karakter en historiese bepaaldheid.

2) Die Woord word gedra deur mense met verskillende aanleg en talente sodat daar noodsaaklik klem gelê word op verskillende eenhede.

3) Daar is verskil in die reaksie op die afwykinge binne die kerk. Sektes reageer anders as Independente, Metodiste as Gereformeerdes.

4) Die spanning tussen katolisiteit en heiligheid bring verskeidenheid mee.

By Rome is dit geen probleem nie. Daar word die kerk as instituut en organisme vereenselwig, daar is maar een ware kerk, die Roomse en al die ander kerke is as ketters verwerplik. Deur die eenvormigheid word die geestelike lewe gedood.

Die Kerkhervorming het hierin verandering gebring. Die Bybel word weer ondersoek, die Roomse dwalinge bestry, en hieruit het die verskillende protestantse kerke ontstaan: Die Lutherse, Gereformeerde, Baptiste en later ook die Metodiste kerke, almal gebore uit die oortuiging en insig in die Skrif van die verskillende kerkhervormers.

**Pluriformiteit van Kerke.**

Aangesien die heiliges in hierdie lewe slegs 'n klein beginsel het van die gehoorsaamheid, soos die kategismus sê, en slegs 'n deel van die waarheid van Gods Woord het en dit beklemtoon, kan die kerk nie in één instituut saamgebind word nie, maar ontstaan die pluriformiteit, van die kerke, en val hulle in verskillende organisasies uiteen. Aangesien die mensheid in etniese verskeidenheid deur God gestel is as eie nasies met eie woonplek, sede en lewensomstandighede, sal ook die kerk gevorm word na die karakter van die verskillende volke, wat op hul eie wyse die heil van Christus besing en verwerk.

**Aparte Kerke**

So het ons by ons aparte kerke vir blankes, kleurlinge, naturelle en Indiërs. Deur hierdie veelvormigheid (Pluriformiteit) word egter die eenheid van al die gelowiges in Christus nie verbreek nie, soos ons lees in Efese 4, waar ons vermaan word om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede, en nie in die kerkisme te verval nie, wat die eenheid verbreek.

Dikwels vind daar in die kerk van Christus onnodige versnippering plaas, klein kerkgemeenskappe ontstaan, en hiervan word deur die duiwel gebruik gemaak om die eenheid in Christus te verbreek, en die kerk te verskeur.

Die Kerk van Christus sal eens in die ryk van die heerlikheid volkome een wees, en moet op aarde in sy pluriforme bestaan steeds die eenheid najaag, en daarom is ekumeniese saamkomste van verskillende kerke om die eenheid te bewaar, so noodsaaklik.

(Vervolg op bladsy 5



*As die dae korter word en die herfs weer daar is, daal daar 'n rustige skoonheid oor die skepping*

# Love, Service and Unity

**"AS I have loved you, so you are to love one another. If there is this love among you, then all will know that you are my disciples."—John 13: 34—35.**

What do we mean by love? Far too many Christians seem to be confused by the fact that the English word "love" (and the Afrikaans word "liefde") has to do duty for at least three Greek words—"eros", "philia" and "agape". Concentrating on "eros" and "agape" for the meantime, we may summarise the difference between them by saying that "eros" love involves loving a person because that person has certain loveable qualities: beauty of feature, figure, or character. That which calls out the love is in the person who is loved. "Eros" loves because the beloved is loveable. The motive and ground of loving is in the beloved.

Not so with "agape". 'Agape" is the love that flows from him who loves to him who is beloved because he who loves is love. This is how God loves us. Not because we are lovely, not because we are loveable, but because God is love.

> **It was not because you were more in number than any other people that the Lord set his love upon you and chose you . . . but it is because the Lord loves you.**
>
> (Deuteronomy 7:7-8)

The mystery of God's election-love resolves itself into what seems to us to be a tautology: the Lord loves you because the Lord loves you. But that is precisely the meaning of grace. God has no other reason for loving us except that he is love. In us, there is nothing loveable. We are not worth his love. We are not worth His love. We have not earned it. We do not deserve is. In spite of all that, God loves us.

It may be that God loves us because he sees that we are capable of receiving his love, and because his love will make us loveable. "Love to the loveless shown, that they may lovely be." If that is so, we may not count it as a reason for God's loving us, as if God were moved to love us by something outside himself. God will go on loving us, even if we do not accept his love, even if we remain unlovely, even if we return his love with hate.

If we do accept God's love, if we become Christian disciples, then two commands are laid upon us. We are to love our neighbour. And we are to love the brethren. Again, in the interpretation of these commands, it appears that we are grievously confused, led astray by a humanistic understanding of love. We imagine that to love somebody else (whether our neighbour or a fellow-Christian) means to have feelings of affection for him, means to feel fond of him. But that is not the love of which Christ speaks. It is, by its nature, not the kind of love that can be commanded. No, we are to love our neighbour as ourselves and to love fellow-disciples as Christ loved us.

### True Meaning of "Agape"

However, before we can see the implications of these commands, we must think more deeply about "agape". What are the unique, characteristic features of Christian love, 'agape" love, whether it is directed to my neighbour or to my brother?

First, it means that we accept the other person, even in spite of qualities that (humanly speaking) make him unacceptable. God does not love us because we have acceptable qualities, because we are white (or black) or rich, or respectable, or even religious. Therefore our love may not be determined by the colour, wealth, respectability, belief (or lack of belief) of my neighbour or my brother. What matters is not that a man is clean, or dirty, honest or dishonest, well-mannered or crude, proud or humble. What matters is that he is a man, created in God's image, beloved of God, a man for whom Christ died.

There is, in other words, a **universal scope** to Christian love that is not found in merely human love. As Christian, I acknowledge that my obligation to others cannot be limited by human frontiers. I cannot, as Christian, show my love only to those who speak English, or Afrikaans, or Zulu, or only to those who belong to "my" immediate "church family". If I confine my love thus, I am no better than a heathen. "If you love only those who love you, what reward can you expect? Surely the tax-gatherers do as much as that. And if you greet only your brothers, what is extraordinary about that? Even the heathen do as much." (Matthew 5: 46-47).

Again, to love my neighbour or my brother-Christian means that I am to love **him for his own sake**, with no ulterior motive. I am to love him simply because he is a human being and therefore needs my love. We may have no other purpose in mind. To love a person in order to get him to do what we want is to treat him as a means to an end, rather than as an end in himself, to treat him, that is, as a thing rather than a man. This is near to blasphemy, for his Creator treats him not as thing but as person. I am to work to heal his disease, to relieve his poverty, to enlighten the darkness of his ignorance, simply because he is a human being, and needs the good things with which I am entrusted, not to fulfil some purpose of my own —no, not even if that purpose is to convert him to the Kingdom of God. The blasphemy of using a human being as a means to an end is not mitigated even if that end is the best that we can imagine. The question we must ask is "Do we love the person for his own sake, or for our sake?"

### Personal Relationships

A further characteristic of Christian love is that it commands and empowers me to enter with **imagination and sympathy** into the life of another. We may now enter into intimate personal relationships, not possible, not even "natural" before.

There is much to be said for the argument that this kind of sympathetic and imaginative love involves physical nearness for proper expression: it is, for human beings, practically impossible to express our love in a vacuum or at a distance, even if we argue that that vacuum, that distance, is for "spiritual" reasons.

This imagination and sympathy leads us to understand what goes on inside the life of the other, to feel as he feels, to know in one's own soul the frustrations that twist and torture and tangle his soul. It leads us to feel the force of his problems as our problems, his anxieties as ours. (True, we are told not to be anxious, but that does not forbid us to take on ourselves the burden of the anxieties of others.) It leads us to see things from the other's point of view, to forbear criticism and hasty judgments until we have understood him fully.

It is for such reasons that we must say that the will to do justice is in fact a form of love: by imagination and sympathy we can affirm the interests of the other, even if they happen to clash with our own. Having seen the needs of the other, we are able to abandon the claims we might have made for ourselves.

Another characteristic of Christian love follows quite logically: love involves **sacrifice**, giving oneself, one's thought, time, energy, to the needs of others. Love is prepared to sacrifice even to the point of giving life itself for the loved one. This is part of what Christ meant when he spoke of taking up the cross. To take up the cross is by no means a patient bearing of our own burdens and tragedies. Rather it is a voluntary taking up of the burdens and sorrows of others—at cost to ourselves. We would be closer to Christ if there were less emphasis on self-preservation, and more on self-sacrifice.

Sacrificial love is closely linked to the love that has no ulterior motive. Too often we set out to love our enemy in the hope that through our love he will be transformed from enemy into friend. We have yet to realise that sacrificial love may lead to the ultimate sacrifice of ourselves because the enemy, in spite of our love, remains an enemy.

### Radical Re-thinking Required

To return now to the commands to "love your neighbour" and to "love one another" as Christ loved us. In the light of what has been said, it would seem that a radical re-thinking of the life and work of the Church is needed. The Church (that is, the whole company of Christian people) is commanded to love the neigbour—no matter who that neighbour may be. We are, that is, called to serve men in need, whether or not they know their need, whether they be believers or unbelievers—of whatever brand, Moslem, Communist, or plain "couldn't-care-less". I, as Christian, am called on to be as concerned for my neighbour as I would be for myself, to serve his needs as I would my own, to put myself out for hom, to take pains to serve him, to go to any amount of trouble to help him. If we are to love our neighbour, then we are to count his interests as at least equal to our own, we are to will justice for him because we enter with imagination and sympathy into his problems, we are to serve him without hesitation, without calculating whether he will or will not be duly grateful, to serve him even if he begins as, and remains, our enemy. And we shall so act towards **him** no matter what language he speaks, no matter what his race or creed. All this surely means that the Church's service to men knows no limits, reaches out to all, continues in spite of rebuff, rejection, ingratitude.

Because this is how God loves us.

### Christian Unity

Then, Christian disciples are to "love one another". We are called, that is, to discover the unity that Christ wills for his Church, has already given to his Church. We are to seek any and every possible means of fellowship with all who call themselves Christians, to struggle to climb the man-made ecclesiastical, cultural and denominational walls that separate us from one another, to seek the unity of love both within and beyond our own denominational bodies, undiscouraged by obstacles, undeterred by the reluctance and slowness to respond of others, to find one another as we are found in Christ. This is the simplest, most effective way of preaching the Gospel—for then all will know that we are his disciples.

The command to love our neighbour and to love one another bring blessing—or judgment. As we obey, we shall be blessed, for as we spend ourselves in service, we shall be drawn closer to the servant Christ, and as we work and pray for unity, we shall come to know "with all the saints" (not otherwise) the love of Christ that far surpasses our knowledge. If we disobey, then we have judged ourselves, for by our disobedience we will have shown God that we are not capable of receiving his love. Then he can do no other than leave us to the misery and hell of our own self-love.

ROBERT ORR.

---

# VOOROORDEEL EN GENERALISASIE

Daar is seker niks wat so algemeen voorkom as **vooroordeel** nie. Vantevore het ons 'n bepaalde oordeel, mening oor 'n bepaalde buurman, denkrigting, 'n bepaalde ras, kerk of gemeenskap. Ons het al klaar die oordeel gevel sonder om hulle te hoor, sonder om behoorlik ondersoek in te stel. Dis ook so gemaklik om jou af te maak van mense deur 'n etiket aan hulle te hang: „liberaliste", selfs „Kommuniste" of „intellektualiste" ens. Dis 'n oortreding van die negende gebod. Ons dink daarby veral aan die mooi verklaring van die Kategismus daarby: o.a. dat ons „niemand ligvaardig en onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie . . ." (Vraag en antwoord 112).

Daarby kom nog onkunde en onwetendheid. **Hoe traag** is baie om diepgaande studies te maak van die brandendste vraagstukke, van mensegroepe en hulle probleme. Hulle het die formule, die oplossing kant en klaar en weier ten enemale om te luister.

Dan is daar nog **'n tweede kwaad, nl. generalisasie**, d.w.s om van een enkele geval 'n algemene reël te maak. As een prokureur hom skuldig gemaak het aan korrupsie of as een predikant dit al te gemaklik neem, is nog nie alle prokureurs skelm of alle predikante lui nie. Generalisasie is 'n swaar bedenklike sonde. Daar mag byvoorbeeld nooit beweer word van nie-blanke kant dat alle blankes sonder liefde is nie, dat hulle dit nie werklik goed bedoel met die nie-blanke nie omdat die segsman verdriet van blankes gehad het nie.

Netso mag ons blankes nooit van die standpunt uitgaan dat alle Bantoes onbetroubaar, onbeskaafd, onchristelik sou wees. Op die wyse word aan hulle groot onreg aangedoen. By hulle, net soos by die blankes, is beskaafde, teer vroom Christene. So is alle Indiërs ook nie heidene nie. Sewe persent van hulle in Natal is lede van een of ander Christelike kerk. Nugterheid, eerlikheid pas elke Christen ook hier — so nie sal ons in die oordeel van God val.

---

# Karl Barth na Amerika

Dit was vir die Amerikaners altyd nog 'n seer punt dat die grootste teoloog van ons eeu, Karl Barth, nog nooit persoonlik in Amerika was nie. Vir die volgende veertien maande sal Princeton sy een-honder-en-vyftigste verjaardag vier, en hierdie teologiese seminarium van wêreldfaam reël 'n besondere program van lesings vir die feestydperk. In hierdie feesjaar sal die gedagtes van talle alumni ook in Suid-Afrika seker by hulle alma mater wees. Karl Barth sal verskeie lesings waarneem in Princeton.

---

# EENHEID VAN DIE KERK

(Vervolg van bladsy 4)

Hierdie organiese eenheid kan alleen bevorder en geopenbaar word deur samebinding van die verskillende kerke op 'n VASTE BELYDENIS GRONDSLAG. Tot hierdie vernuwing, reformasie, en samewerking moet alle kerke bereid wees, staande op 'n vaste fondament.

Langs hierdie werk kan die kerk, met die oog op sy profetiese roeping, voortwerk aan die eenheid in Christus, siende op Christus se wederkoms.

In die ryk van die heerlikheid sal geen pluriformiteit geken word nie, omdat die sonde tot niet gemaak sal wees. Die koninkryk van die hemele sal geen etniese of nasionale karakter hê nie, maar deur die volkome gelykheid aan die Seun van die mens sal dit 'n algemeen-menslike beeld vertoon. Onder hierdie eskatologiese spanning moet die kerke die eenheid voorberei en tegemoetgaan.

(Sommige gedagtes is ontleen aan dr. J. D. Vorster: Etniese verskeidenheid, kerklike pluriformiteit en die Ekumene).

W. HOVY.

# Die kerk in 'n veelrassige gemeenskap

(Vervolg van bladsy 2)

blankes lidmaatskap te ontsê in die blanke gemeentes of ook andersom nie. Historiese, sielkundige e.a. faktore het eers later aanleiding gegee dat daartoe oorgegaan is in die praktyk.

3. **Laaste en die belangrikste waarop gewys moet word is dat die daarstelling van inheemse kerke en die gebruik dat nie-blankes in afsonderlike geboue kerklik bedien word bloot was om praktiese redes en dat daar nie beginselbesware was teen die gemengde eredienste nie. Dit blyk duidelik uit die eerste gedeelte van die besluit dat die Sinode dit wenslik en skriftuurlik ag maar dat a.g.v. die swakheid van sommige, daartoe oorgegaan is om hierdie besluit te neem.** Hierdie feit word ook nog deur die volgende gestaaf:

(1) Die families van blanke sendelinge het gereeld saam met die nie-blanke gemeente vergader vir die eredienste en ook die sakramente is in baie gevalle aan hulle bedien saam met die lidmate van die inheemse kerk.

(2) Selfs vandag nog het die afgevaardigdes van twee gemeentes van die sendingkerk in die Kaap sitting op die sinode van die moederkerk nl. die St. Stephens Kerk en Stockenström.

(3) Dat by besondere geleenthede soos konferensies ens. blank en nie-blank saam vergader.

**Redes vir Ingrypende Beslissing van 1857**

Ons wil ons nou self afvra wat die redes was dat die kerk in 1857 so 'n ingrypende besluit geneem het. Die volgende kan genoem word:

1. **Verskille in beskawingspeil.** Baie lidmate het gekla oor die „ongemanierdheid" van die nie-blankes wat die kerk bygewoon het. I.v.m. die gebruik van die nagmaal het baie ook om higiëniese redes gevoel dat daar skeiding gemaak moet word.

2. **Die verskil in tale.** Dit was duidelik dat die gewone nie-blanke lidmaat nie in staat was om die prediking te volg tensy dit op die allereenvoudigste manier uitgelê word nie. Om die grootste voordeel uit die prediking te trek was dit nodig dat die mens in sy eie taal aangespreek word, en dat die prediking ingerig sal word volgens die besondere omstandighede van die heiden.

Tot die besluit is dus gekom bloot a.g.v. die praktiese verskille wat daar was t.o.v. beskawing en kultuur.

II. Ons wil nou hierdie kort historiese oorsig van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap hierby laat en voortgaan deur vir u 'n aanduiding te probeer gee van wat die leerstellige, prinsipiële beskouing van die kerk is i.v.m. die verhouding wat daar moet bestaan tussen die kerk en 'n veelrassige gemeenskap. Hier moet ons op twee sake let nl.

1. Op die wese van die kerk en
2. Die wesenlike waarde van die mens.

Ons wil dus hier slegs enkele punte aanstip i.v.m. die ekklesiologie en die antropologie soos dit ons onderwerp raak.

**Wat is die Kerk?**

Eerstens dan let ons op die wese van die kerk. Ons wil dit onder die volgende punte saamvat:

1. Die kerk is wesenlik die een, onverbreekbare mistieke liggaam van Christus en op hierdie eenheid moet die grootste klem gelê word. Deur die Heilige Gees word alle gelowiges lede van hierdie mistieke liggaam. Hierdie eenheid bestaan nie in 'n uiterlike kerklike organisasie of in die kerk as instituut soos dit sigbaar is na sy uiterlike vorm nie. Die eenheid van die kerk is van bo, nl. van Christus en in Christus, en hierdie eenheid bestaan alreeds en is 'n werklikheid en hoef nie nog eers deur die kerk verwerklik te word nie. Om die eenheid van die kerk dus te wil demonstreer deur byvoorbeeld die stigting ven een georganiseerde wêreldkerk waaraan alle mense behoort, is 'n dwaling.

2. Die bestaan van aparte kerke enkel en alleen a.g.v. dogmatiese, leerstellige verskille is 'n sondige verskynsel aangesien daar slegs één waarheid geopenbaar is in Jesus Christus.

3. Hierdie eenheid van die kerk as die mistieke liggaam van Christus kan dus nie tot niet gemaak word deur die pluriformiteit van die kerke soos dit vandag bestaan en voorkom onder die verskillende nasies in die verskillende lande nie. Die heerlikheid van Christus is te groot om slegs deur een kerk weerspieël te kan word. Hierdie pluriformiteit van die kerk belemmer egter die konkrete, sigbare eenheid van die kerk, maar die eenheid van die kerk as die liggaam van Christus bly onverbreekbaar voortbestaan ten spyte van die veelvormigheid.

4. Hoewel daar dus aparte kerke is, en dit ook sy goeie praktiese gevolge het op grond van die grote verskeidenheid in die menslike ras, mag apartheid nie 'n lewenshouding word wat ons ook geestelik in aparte wêrelde laat leef nie, want in Christus word die gemeenskap van alle heiliges belewe en ons bely dit ook elke Sondag in die kerk. Daar is net een Christus en een hemel vir blank en nie-blank.

In hierdie verband is Kol. 3:11 vir die Christelike kerk van groot belang: **„Waar daar nie Griek en Jood, besnedene of onbesnede, barbaar, Schith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal."** Die Jood Paulus spreek hier tot die Griek. Aan aparte volke het hulle behoort, aparte tale gepraat, aparte kulturele agtergrond het hulle gehad, aan aparte gemeenskappe het hulle behoort. Maar deur die geloof behoort hulle nou aan een volk: Die volk van God. „Hulle het nou dieselfde kultuurskat geërwe nl., die evangelie van Jesus Christus. Hulle het nou tot dieselfde gemeenskap toegetree, die gemeenskap van die heiliges."

Paulus maak in hierdie teks sekere teenstellinge;

1. **'n Rasse-teenstelling.** Griek en Jood word teenoor mekaar gestel. In die nuwe gemeenskap het die een ras egter geen voorrang bo die ander nie. Verskil in geboorte en nasionaliteit val weg in die een algemene Kerk. Teen niemand word gediskrimineer in die Kerk op grond van ras of stand nie want Christus is alles in almal.

2. **Die tweede teenstelling is 'n godsdienstige:** Besnedene teenoor onbesnedene. Die godsdienstige agtergrond val weg in die Kerk want dit is nou vervang deur die diens van die ware God in Jesus Christus.

3. **Die derde teenstelling is 'n kulturele teenstelling** tussen Schith en barbaar. Die kultureel onbevoorregtes diskwalifiseer nie vir die Kerk nie want in Christus word die woord onbeskaafde vervang deur broeder.

4. **Die vierde teenstelling is op sosiaal-maatskaplike gebied** tussen slaaf en vryman. Maatskaplike standsverskille en teenstellinge is geen skeidsmure wat op godsdienstige terrein ook skei en mense die gemeenskap met Christus en met mekaar as geloofsgenote ontsê nie.

Hierteenoor is dit egter ook in die gemeenskap en maatskappy bv. m.b.t. gesaghebber en onderdaan nie deur bogenoemde teks tot niet gemaak word nie. Hierdie gesagsverhouding bly geldig ook in die Christelike kerk (Vgl. bv. 1 Tim. 6: 1, 2). Om dus kort saam te vat: God vergader sy kerk uit alle nasies en volke. (Openb, 59). Hierdie vergadering van gelowiges is 'n organiese eenheid, want dit is die een onvernietigbare mistieke liggaam van Christus.

**Waarde en Waardigheid van Mens.**

Baie kortliks wil ons nou ook let op die mensebeskouing, die antropologie i.v.m. die vraagstuk. Die kernvraag in dié verband is na die waardigheid van die mens. Is alle mense wesensgelyk of nie? In die verskillende skole van die Griekse wysbegeerte was daar uiteenlopende menings. By Plato en Aristoteles bestaan die gedagte dat die mens wesenlik ongelyk is. Daarteenoor was die Stoisyne egter 'n ander mening toegedaan. Alle mense is gelyk en die rede, die verstand word gesien as die beginsel van volstrekte wesensgelykheid, van alle mense. Die rede as die beginsel van wesensgelykheid tussen alle mense is ook aanvaar deur die Aufklärung, Rennaisance en die humanisme. Die direkte uitvloeisel van hierdie leer was die negrofilisme en humanisme wat deur v. d. Kemp, Read, dr. Phillips e.a. geopenbaar is in ons land aan die begin van die 19de eeu en waarvan soveel wrange vrugte gepluk is.

Die Christelike kerk handhaaf ook die wesensgelykheid van alle mense teenoor evolusionistiese opvattinge wat verklaar dat die mens nie in wese gelyk is nie. Die beginsel van die wesensgelykheid is egter totaal verskillend as dié wat by die Stoa aangetref word. Vir die Christelike kerk is die beginsel van die wesensgelykheid van alle mense die feit dat die mens na die beeld van God geskape is. Elke mens, afgesien van kleur of ras of stand, is 'n beelddraer van God. Daarom is alle mense wesenlik gelykwaardig voor God.

So gesien **kan daar dus nie die teenstelling van gelykheid en ongelykheid gemaak word nie i.v.m. die waarde van die mens of van die verskillende rassegroepe nie. Daar moet eintlik 'n ander teenstelling gemaak word nl. Gelykheid — verskeidenheid. Daar is 'n groot verskeidenheid van begaafdheid, karakter en aanleg. Daar is in die skepping van die menslike wêreld, hoewel almal uit een bloed geskape is, ook allerlei rangsverskille, verskille in funksie en posisie. Al hierdie verskille is ook Godgegewe maar tog doen dit niks af aan die prinsipiële gelykwaardigheid van die mens as mens kragtens sy skepping na die beeld van God nie.**

Na hierdie uiters beknopte en onvolledige oorsig van die beskouing van die kerk en van die beginsels wat rigtinggewend vir ons moet wees in die bepaling van ons rasseverhoudinge wil ons hieruit die volgende konklusies trek.

**Kernkonklusies**

1. Uit die geskiedenis van die kerk hier te lande, sowel as sy prinsipiële beskouing is dit duidelik dat die huidige

(Vervolg op bladsy 8)



# Ruim Vergesigte

Waar is ons perspektief? Die Here Jesus het vir ons sulke ontsaglike vergesigte geopen: „Julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." Hand. 1 vers 8. Elders sien Jesus mense toestroom van heinde en ver „Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van die ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele" (Matt. 8 vers 11'.

Reeds in die Ou Testament gaan, as sangers en digters profeties op die ver toekoms horisonte die Messias in sig kry, wye ruim vergesigte oop. „En Hy sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die eindes van die aarde", Ps. 72 vers 8. In vers 19 spreek die digter sy vurige wens uit: „Laat die hele aarde met sy heerlikheid vervul word!"

Hoe kom dit tog dat die belangstellingsveld by meeste van ons vandaag, en ons praat van kerkmense en Christene, so beperk is, by die nuwe tapyt wat in die kerk gelê moet word, die duur orrel wat aangekoop moet word, die saal wat gebou gaan word. Ons belangstelling gaan dikwels nie verder as die grense van ons gemeentes nie, as die predikant sy traktement kry, as ons groepie maar gesellig saam kerkhou, is alles in orde. As ons aan die Ryk van God dink, verskyn voor ons geestesoog dikwels alleen maar ons rasgenote. Hoe het dit tog so gekom? Waar is ons visie, ons perspektief? Wanneer sal ons met ons offers, ons gebede, ons liefde en belangstelling uitgaan ver buite ons gemeentegrense, sal ons die eindes van die aarde in die gesig kry?

Hulle kom van Ooste en Weste: geles, bruines, swartes, blankes om met die vaders aan te sit! So sien God dit. Hoe leef, werk en offer u? Die Christus is tog 'n universele Verlosser, die Koning van alle nasies . . . en ons is so beperk so klein in ons siening . . . .

Teenoor ons staan die Kommunis. Dié soek die wêreldrevolusie, dié wil die wêreld onderwerp aan 'n groot leuen. En ons . . . ons met die heerlike Waarheid.?

J.A.S.

# Die kerk in die wêreld

## HOF VERBIED LEES VAN BYBEL IN AMERIKAANSE SKOOL.

'n Skoolwet van die staat Pennsylvania in die V.S.A. vereis dat daar daagliks 10 verse uit die Bybel gelees moet word in die staat se skole. Edward Schempp, 'n Unitariër het by die geregshof in Amerika 'n interdik hierteen aangevra, omdat dit in stryd is met die Amerikaanse konstitusie wat kerk en staat volkome skei, en omdat dit indring met gewetensvryheid. Hoekom kan sy seun nie net sowel uit die Koran lees nie, was Schempp se vraag. Die hof het bevind dat die staat Pennsylvania geen jurisdiksie het om in die publieke skole die daaglikse lees van die Bybel verpligtend te maak nie.

## GEREFORMEERDE KERKE EN DIE EKUMENE

In Nederland word veel gespekuleer oor 'n moontlike aansluiting van die Gereformeerde kerk aldaar by die Wêreldraad van Kerke. Die Generale Sinode het besluit om waarnemers te stuur na New Delhi, en die aanwesigheid van niemand minder as die bekende prof. Berkouwer, dui op die grondigheid waarmee die Gereformeerde Kerk aldaar hierdie saak ondersoek. Selfs na die integrasie van die Internasionale Sendingraad met die Wêreldraad van Kerke, behou die Gereformeerde kerk in Nederland sy lidmaatskap van die Sendingraad. Die Teologiese studente van Kampen het tot die Ekumeniese Jeugraad toegetree, en nie alleen prof. Berkouwer nie, maar selfs prof. Nauta bepleit openlik aansluiting by die Wêreldraad. Nege Gereformeerde predikante het onlangs 'n oproep onderteken wat organiese kerkvereniging met die Hervormde kerk bepleit. Watter rigting die ekumeniese gesprek in die toekoms vir die Gereformeerde Kerk in Nederland sal inslaan, is moeilik te voorspel, maar die Trinitariese basisformule wat te New Delhi aanvaar is, het beslis die moontlikheid van toetrede in die toekoms versterk. Die feit dat die dogterkerk in Indonesië wel lid is van die Wêreldraad, het egter niks afgedoen aan die verhouding tussen moeder- en dogterkerk nie, en die vraag doem by ons op wat die houding van moederkerke hier sal wees as by hulle selfstandigwording hier te lande, die dogterkerke aansoek doen om lidmaatskap van 'n Wêreldraad waaraan die moederkerk nie behoort nie.

## DIE GROOTSTE GEVAAR VIR HIERDIE EEU.

Generaal Booth van die Heilsleër het die grootste gevaar vir hierdie eeu as volg getipeer: „'n Godsdiens sonder die Gees van God; 'n Christendom sonder Christus; 'n vergewing sonder bekering; 'n saligheid sonder wedergeboorte; 'n liefdadigheid sonder offer; 'n politiek sonder God; 'n hemel, sonder hel." Hoe waar het hierdie woorde van hom nie in ons tyd geblyk te wees nie.

## 'N MOOI HUWELIKSGESKENK VAN DIE KERK AAN TROUPARE.

'n Kerkraad in Nederland het besluit om aan elke huwelikspaar wat in die kerk trou 'n Bybel as huweliksgeskenk te oorhandig, en verder nog vir 'n tydperk van drie maande vir die paartjie in te teken op 'n Christelike blad.

## KERK IN INDIË STEUN INVAL IN GOA.

Die „Indian Witness", offisiële orgaan van die Methodistekerk in Suid-Indië verwelkom die insluiting van Goa, Damao en Diu by Indië. Die kerkblad veroordeel Portugese kolonialisme ten sterkste, en is hierin deur verskeie ander Protestantse kerke gesteun. Selfs die Goaanse katolieke kardinaal Gracias, het Indië se inval in Goa verwelkom. Volgens Indiese Christene was die inval in Goa geen agressie nie, maar slegs bevryding van Indiërs onder Portugese oorheersing. Nehroe is nie die sondebok nie, maar volgens hulle moet al die blaam op Salazar van Portugal gelê word, wat geweier het om op 'n eerbare manier hom van Indiese bodem af te onttrek.

Hierdie geval toon baie duidelik dat geen kerk in die ganse wêreld die regter in sy eie saak kan wees nie, en dat die korrektief van mede-Christene in ander kerke en ander lande onmisbaar is. Dit is die positiewe waarde van die ekumeniese band. 'n Nugtere en skriftuurlike oordeel oor sake waarin jyself emosioneel betrokke is, is in geen kerk en geen land vanselfsprekend nie, seker ook nie in ons geval in Suid-Afrika nie.

## AMERIKA SE VOLGENDE PRESIDENT . . . . 'N MORMOON?

Die vraag is: hoe ver strek die tradisie van godsdienstige verdraagsaamheid in Amerika? Die huidige president van die Verenigde State van Amerika is lid van die Rooms Katolieke kerk, en volgens waarnemers het John Kennedy die amp sover met onderskeiding vervul. Daar is tans sterk sprake dat die volgende kandidaat vir die Republikeinse party in 'n presidentsverkiesing 'n Mormoon, George Romney gaan wees. Hy is 'n uiters suksesvolle besigheidsman, vorige algemene bestuurder van American Motors. Die Mormone het etlike godsdienstige leerstellinge wat tans politieke plofstof is in Amerika. Om maar 'n enkele voorbeeld te noem: in die Mormoonse „bybel" (Moses 5: 16-41) word verhaal dat die Here Kain vervloek deur hom swart te maak, en dit impliseer dat die swart mense tot vandag nog die vloek op Kain se moord op Abel dra. Geen Neger kan dan ook 'n Mormoonse priester word nie. Indien Romney in 1964 kandidaat gaan wees in die presidentsverkiesing, sal hy beslis sterk teenkant van 'n steeds groeiende Neger-kieserskorps ondervind, en hulle bepaal maklik die uitslag van 'n presidentsverkiesing.


## DIE JEUG SE AANDEEL IN DIE EKUMENE.

Die grootste tragedie wat die strewe na die eenheid van die kerk kan verongeluk, is wanneer dit net in die hande van die „amptelike kerkleiers" bly. Die gewone lidmaat moet bewus word van die sonde van kerklike verdeeldheid, net soos hy in die prediking bewus gemaak word van ander sondes. Die gewone lidmaat het dan ook geen geringe rol gespeel tydens die New Delhi byeenkoms nie. 160 jongmense oor die hele wêreld het dan ook 'n week voor die byeenkoms van die Wêreldraad in New Delhi vergader, en saam beraadslaag oor die Bybelse eis tot eenheid, getuienis en diens, veral met betrekking tot die jeug. Toe dr. Visser 't Hooft die jongmense toegespreek het, het hy hulle opgeroep om te werk, te bid en te sweet vir die eenheid van die kerk.

## 'N TREIN IN DIENS VAN DIE KERK.

Die Kongregasionalistiese gemeente Chappaqua in die staat New York, het 'n interessante eksperiment aangepak. Hulle het die agterste wa van die oggendtrein na New York bespreek vir 72 gemeentelede en die predikant van die gemeente, Edwin D. McLane. Hierdie gemeentelede werk almal in kantore in New York, en die treinreis van 'n uur word gebruik deur die leraar om hulle toe te spreek oor 'n luidsprekerstel wat vir die doel geïnstalleer is. Daaglikse probleme uit die arbeids- en besigheidslewe word toegelig en daarna volg 'n openhartige bespreking en gebed. Op sy terugreis nadat sy gemeente afgelaai is, berei die leraar hom voor op môreoggend se treinreis . . . en boodskap.

— Pro Ecclesia.



## Twee Belangrike Aankondigings

**1. Teologiese Instituut**

'n Teologiese „Instituut" vir die dosente van al ons Suid - Afrikaanse Protestantse teologiese opleidingskole word D.V. vanaf 29 Desember 1962 tot 25 Januarie 1963 gehou óf by die Forest Sanctuary, Stutterheim, K.P. óf aan die Rhodes - universiteit, Grahamstad. Die dosente sal wees **prof. dr. Hh. C. Vriezen,** Ou Testamentikus, Utrecht, Nederland, en **prof. dr. Otto A. Piper,** Nuwe Testamentikus, Teologiese Seminarie, Princeton, New Jersey. Die reis- en verblyfkoste van alle deelnemers sal deur die organiseerders, t.w. die „Theological Education Fund" van die Internasionale Sendingraad betaal word.

Nadere besonderhede is verkrygbaar van die Eresekretaris, p/a Posbus 97, Johannesburg.

**2. Opfrissingskursus vir Nie-Blanke Leraars.**

'n Opfrissingskursus wat drie weke sal duur sal D.V. vanjaar in September gehou word vir ongeveer vyftig ge-ordende nie-blanke leraars van die Suid-Afrikaanse Protestantse kerke. Die voertaal sal Engels wees en die kursus sal gaan oor Ou en Nuwe Testamentiese Bybelstudie en Praktiese Teologie. Die reis- en verblyfkoste van die deelnemers sal deur die organiseerders betaal word. Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar van die Eresekretaris, Teologiese Opfrissingskursusse, p/a Posbus 97, Johannesburg.

# DIE GESPREK

(Vervolg van bladsy 1)

**Ook die nie-blanke Christene.**

Hierdie plig tot vermaning wedersyds gaan verder as alleen die drie Afrikaanse kerke. Daar is ook ons Engelse broeders en daar is die groot aantal nie-blanke Christene in ons vaderland. Ons begaan 'n onvergeetlike fout as ons die medegelowiges aan die ander kant van die kleurlyn nie raaksien nie, as ons hulle in die koue laat staan. Ons behoort kennis te neem van wat in hul harte leef, van hulle hoop en verwagting maar ook van hulle frustrasies en vrees. Ons is ook aan hulle so baie verskuldig. Die Here gebied dit en wie die ontmoeting ligvaardig van die hand wys, handel strydig met die gees en bevel van Christus.

**Lig laat skyn:**

Sentimentalisme, onverantwoordelike, onskriftuurlike nivellering van beginsels, die strewe na 'n kunsmatige eenheid met verdoeseling van Skrifprinsipes moet natuurlik voor gewaak word. Dit is ook nie wat hier bedoel word nie. Ons het op die oog die eerlike ontmoeting van broeders wat genade ontvang het om teenoor mekaar in die gees van Christus te getuig, te leer, desnoods te vermaan, reg te help. En as enige broeder of suster, of enigeen van ons kerke oortuig is dat hulle die waarheid uit die Heilige Skrif ken, dat hulle in die lig van die evangelie wandel, dan is dit plig om hierdie lig te laat skyn, om 'n bederfwerende sout te wees, Matt. 5 : 13—16. Dit is gebod, bevel van die Here self! Om dié rede is ons dankbaar dat in die kolomme van „Pro Veritate" op die grondslae van die Heilige Skrif, die onfeilbare Woord, en op die basis van die waarhede, vasgelê in die belydenisskrifte, Christene mekaar sal kan ontmoet in die openlike, hartlike, spontane meningswisselinge. Laat ons van hart tot hart mekaar in die oë sien. As daar iets is wat 'n ander erger, waaraan hy of sy hom of haar stoot, laat dit tog gesê word. Mag God gee dat langs dié weg baie misverstand, agterdog, wantroue en vrees opgeruim sal word, dat ons mekaar in die regte perspektief te sien sal kry.

**Ons bede:**

Mag die eer van God se Naam, die glorie van die Godsryk daardeur gedien word. In hierdie dae, moet ons van die Here vra: „Wat wil U hê, moet ek doen, Here?" Daarin kan ons moontlik mekaar tot hande en voete, oë en ore wees. Wee ons daarenteë as ons Christene mekaar nie meer wil raaksien nie, as ons gaan wegskuil vir mekaar agter hoë mure van vooroordeel, onkunde en verdagmaking. Mag die goeie God ons daarvoor bewaar!

**Vreugde in die kamp van die wederpartyder:**

Die duiwel skep groot behae in ons onderlinge verskeurdheid. Hy weet goed om sy handlangers saam te snoer, vas te hou in 'n hegte eenheidsfront, ook in ons vaderland. Laat ons tog alle pogings positief waardeer om die gesprek te begin met mede-christene uit alle volke, blank en gekleurd. Laat ons boweal vurig bid teen die sonde van verdeeldheid in, en laat ons die eenheid soek wat op Jie waarheid berus, die enigste Waarheid, Jesus Christus van die Skrifte. Wie aan die ander kant verwydering, vervreemding, haat, agterdog stimuleer, hoogmoedig op ander neersien, speel onbewus in die hande van ons doodvyande. Ons sal vroeg of laat die bitter vrugte daarvan pluk. In hierdie gevaarlike stormswanger dae waarin daar hoë eise aan ons Christenskap gestel word, waarin groot liefdesoffers, teen ons selfsug in, van ons gevra word, moet ons weer gaan luister na Jesus die Here in die Paassaal waar Hy gebid het, vurig, pleitend: „dat hulle almal een mag wees!"

J. A. SCHUTTE.
Pastorie,
Johannesburg.

# -: OUR AIM :-

(Summary of Leader)

FOR some time a number of ministers and members, mainly of the three Dutch Reformed Churches, have felt the need of a Christian monthly paper which would aim at approaching and discussing vital problems of the Church and the community in the light of Scripture. In particular, it was felt that Christians, however wide their views over present day issues may differ, should be taught and assisted, in obedience to the claim of the Word of God, to ask above all other things: What is the answer which the Bible as the revealed Word of God, gives us on present day problems?

**Pro Veritate** is being offered as a humble attempt to meet this need. It does not pretend to possess or to supply the total answer, but it wants to seek and make known the truth honestly and fearlessly. Hence the name: PRO VERITATE ("for the Truth") which expresses the sincere striving after truth—the truth which can only be discovered in Christ and His Word.

The paper is not primarily a theological publication in the academic sense of the word, but rather a general Christian paper which seeks to discuss all issues which are of importance to the Church of Christ and the Kingdom of God on the above-mentioned basis and in language which the ordinary layman will understand. Any contribution which furthers this aim will be welcomed.

Obviously this will entail, amongst other things, a discussion of the problem of race and colour relations, because it is one of the most urgent of those problems of our day which are affecting the Church and the Kingdom in a particular way. We hold the conviction that Scripture gives us light and clarity on this problem too and therefore the editors will also publish articles on this issue. It is understandable—and this must be accepted from the outset—that at times there will be great difference of opinion on burning questions. **Pro Veritate** will gladly give the opportunity to offer differing views on the clear **assumption** that all participants in the discussion will have as their main object the light which the Bible supplies for the case in question, and that the discussion or debate will be conducted in a worthy fashion and on a dignified level.

The paper also wishes to meet the deep longing among many Christians, both in the Afrikaans and in the other Protestant churches, for a deeper unity in fellowship and in the united witness of the various churches, through opportunities for discussion on a Christian level. While acknowledging existing differences of church, culture, class and colour, and while respecting such differences in so far as they are consistent with the will of God, the paper will seek to expose, and to assist in removing, all sinful separation. To anyone who has taken serious notice of the anti-Christian forces which threaten the Church of Jesus Christ it must be clear that no denomination which chooses to stand isolated can make any effective and successful onslaught on these forces. The time is past that churches as separate organizations and isolated groups are able to meet the challenge of world wide movements like Communism, Mohammedanism and secularism. The churches who are unwilling or unable to discover one another on these and other levels where a united witness is required thereby weaken their witness and unconsciously strengthen the forces of evil. PRO VERITATE wishes to assist in revealing to Christians of the different Protestant churches the threat contained in this and to strengthen the urge for a closer link and for unified action.

**Composition of Editorial Staff.**

The fact that the editorial staff is composed of ministers of different Protestant churches reflects the desire to promote the unity demanded in Scripture. A Coloured and an African minister have been included in our staff as proof of the sincere desire and the urgent need that the voice of our non-White Christians should also be heard in this discussion on a Christian level of the problems of our day. To assist in the realization of this aim every writer will be free to express his thoughts through the medium of the official language which suits him best.

**Relation to Official Church Magazines.**

The paper is not an official church magazine but its aims require that it will co-operate with all church papers. We therefore offer this co-operation in advance, trusting that PRO VERITATE will be a useful addition to the contribution which official church papers are making to their own group. The fact that the paper does not reflect the official view of a particular church gives it the opportunity to make an enriching contribution to a free exchange of ideas across the boundaries of denominations. The paper will not concern itself with matters which are domestic to any particular church and which do not involve questions of principle.

**Two Important Conditions.**

In order to avoid any misunderstanding it is necessary to state clearly that the paper is being issued on the following assumptions: firstly, that the editors will assume full responsibility for everything which appears in the editorial columns and that the paper wishes further to allow and encourage ecumenical discussion without necessarily associating itself with any view expressed in articles; secondly, that the paper will seek to foster its aim as long as this appears necessary and as long as provision to meet the aim is not made on a bigger scale.

PRO VERITATE is an enterprise undertaken in faith, without the assurance of a regular income. Its appearance has been made possible by contributions and promises of further aid from members of the three Afrikaans churches. As a paper with a limited circulation cannot hope to maintain and extend itself by income from advertisements, we are relying on the voluntary support of persons of goodwill who share with us the conviction that there is a need for such a paper.

In addition to news reports of general denominational events in our country, the paper will also publish reports on important church developments outside the Republic. Special feature columns will be offered from time to time as the need may arise. Any suggestions for the improvement of the paper will be welcomed. But what we need above all are the prayers of Christians in all churches in order that God may bless this venture. We send out this first issue of PRO VERITATE in reliance upon the promise of Him who has assured us that "You shall know the truth, and the truth will set you free" (John 8 : 32).

# Die kerk in 'n veelrassige gemeenskap

(Vervolg van bladsy 6)

praktyk van aparte kerke nie 'n saak van beginsel is nie maar dat ander faktore dit veroorsaak het wat reeds genoem is. 'n Klimaat is ongelukkig geskep waarin baie lidmate van die Afrikaanse kerke die aparte kerke as 'n godsdienstige beginsel aanvaar wat die kerke in waterdigte kompartemente afbaken.

2. Hierdie kerklike apartheid is gegrond op die verskeidenheid wat daar bestaan in die menslike ras en wat ook Godgegewe is. Dus dis nie op die wesensongelykheid van mense of rasse gegrond nie.

3. Waar die kerk hierdie bestaande kerklike apartheid a.g.v. die verskeidenheid aanvaar, moet dit egter duidelik gestel word dat die kerk niemand op grond van ras of kleur toegang tot sy gewone eredienste kan weier nie. Gesamentlike kerkdienste is in prinsipe dus nie af te keur nie. Inteendeel, dit hou die voordeel in dat dit 'n betoning van die eenheid van die kerk in Christus is.

4. Waar die kerk die verskeidenheid onder mense aanvaar maar aan die ander kant ook die wesensgelykheid van alle mense voor God erken, kan daar in prinsipie geen beswaar ingebring word teen die optrede van leraars van verskillende rasse in verskillende kerke nie.

**Taak en Moeilikhede van Kerk.**

III. Ten slotte wil ons nou vir u wys op die taak en moeilikhede van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap.

Die grootste probleem van die kerk hier te lande is nie dieselfde as die van die staat nie. Dit wil egter nie sê dat die probleme van die staat m.b.t. rasseverhoudinge die kerk koud laat nie. Inteendeel die kerk het nog steeds bewys deur woord en deur daad dat hy hom intens besig hou met die probleme wat die staat in dié verband het. En tog is daar 'n verskil. Dinge wat vir die staat die kernprobleem uitmaak is dit nie vir die kerk nie. **So bv. is die grootste probleem van die kerk en sy grootste bekommernis nie die behoud van die blankes in hierdie land nie, maar is dit die verkondiging van die evangelie en die redding van heidene.** Hierdie evangelieverkondiging het as gevolg dat christelike gemeentes gestig sal word waar die gemeenskap van die heiliges beoefen sal word. Indien apartheid dan totale skeiding op elke gebied van die lewe beteken wat daarop uitloop dat daar ook geestelike apartheid tot stand kom tussen die verskillende rasse, dan druis dit in teen die wese van die kerk omdat die kerk juis is die gemeenskap van die gelowiges en dat dit ook die taak is van die kerk om hierdie gemeenskap tot stand te bring, tussen gelowiges, afgesien van ras of kleur want hierdie gemeenskap is gegrond in die broederskap van alle gelowiges wat almal een Vader het deur die geloof in die soendood van Jesus Christus. Indien die sogenoemde Kerkklousule wat soveel opspraak verwek het maar die geringste bedoeling het dat rasse nie saam mag aanbid in die erediens nie, dan kan die Afrikaanse kerke hulle nie daarby neerlê nie.

**Duideliker Daadwerklike Optrede Nodig.**

Die dilemma van die kerk word steeds groter waar daar 'n gedurige geroep van die Bantoe uitgaan tot die kerk om die daad by die woord van sy belydenis te voeg. Tot dusver was daar feitlik nog geen antwoord van die Afrikaanse kerke op hierdie gebied, sover dit die praktyk betref nie op grond van die uiters moeilike sosiale omstandighede in die land. As gevolg hiervan is daar veel vyandigheid by die nieblanke opgebou teen die Afrikaanse kerke wat dit op sy beurt weer uiters moeilik maak om met groot vrug onder die heidene te arbei. Vir die Bantoe skyn dit asof die kerk ontrou is aan sy belydenis en daarom glo ons dat die tyd ryp is dat die Afrikaanse kerke iets moet doen om hierdie deel van sy belydenis ook prakties verder uit te werk, dan egter met die uiterste versigtigheid gesien die moeilike omstandighede hier. Die kerk kan as hy ontrou is aan sy belydenis die Bantoe terug jaag na die heidendom. In 'n Bantoekoerant was daar onlangs 'n leser wat dit bepleit het dat die Bantoe moet terugkeer na sy ou gelowe omdat die God van die Christendom apartheid toelaat. Dit dui die gevaar aan wat daar bestaan vir die christelike kerk.

Alle wetgewing, ook i.v.m. rasseverhoudinge, moet deur die kerk altyd beoordeel word vanuit die standpunt van die Koninkryk van God.

Die taak van die kerk is ook om altyd en oral 'n bydrae te lewer om onderling goeie verhoudinge te skep. Om dit te bereik sal die kerk altyd die oproep tot liefde helder moet laat weerklink want al sou ons duisende Rand gee om vir mense van ander rasse wonings te bou en aparte skole en universiteite en sportvelde en allerlei geriewe te gee, en ons sou die liefde nie hê nie, dan sou dit alles ons niks baat nie. Ook in ons rasseverhoudinge, en veral daar, moet die liefde van Christus die laaste woord spreek, die liefde wat oor alle grense heen in die ander mens sy naaste sien en in die ander gelowige sy broeder in Christus herken. **Die taak van die kerk sal dan wees om saam te vat, om in elke konkrete lewenssituasie getrou te wees aan dit wat hy glo en aanvaar as die opdrag van God, afgesien van wat die gevolge mag wees want as die kerk biddend en verwagtend-gelowig optree en handel in volkome en ware gehoorsaamheid aan God, dan hoef hy nooit vir die toekoms en vir die gevolge van sy dade te vrees nie.** S. O. SKEEN.

**PRO VERITATE**

**Christelike Maandblad vir Suid-Afrika**

**Posbus 487,**
**Johannesburg.**

Ons nader u met die vriendelike versoek om 'n gereelde jaarlikse bydrae van R20 per jaar vir vyf jaar (of soveel as u kan bydra) ten einde die oprigting en verspreiding van bogenoemde blad moontlik te maak. Indien u die saak goedgesind is en wil ondersteun, vul dan asseblief Vorm 1 in met vermelding en insluiting van u bydrae. Indien u alleen wil inteken, sluit dan R2 in met invulling van Vorm 2.

**VORM 1.**

Die Sekretaris-tesourier,
Pro Veritate,
Posbus 487,
Johannesburg.

Meneer,

Hierby ingesluit my bydrae van .................. om die voortsetting van die publikasie van **Pro Veritate** moontlik te maak.

Naam: ..........................................

Adres: ..........................................

..........................................

Datum: ..........................................

**VORM 2.**

Die Sekretaris-tesourier,
Pro Veritate,
Posbus 487,
Johannesburg.

Meneer,

Hierby ingesluit R2 as intekengeld op **Pro Veritate** vir een jaar vanaf verskyning.

Naam: ..........................................

Adres: ..........................................

Datum: ..........................................